



God is Een God

Het jy al ooit gewens jy het vlerke gehad om soos 'n voël te kan vlieg? As jy vlerke sou hê, sou jy ook graag hoër en hoër wil vlieg, daar bo in die lug, om al die *sterre* te sien?

As jy sou aanhou vlieg en vlieg, vir dae aanmekaar, sou jy nog *steeds* nie *al* die sterre kan sien nie. Hulle is te *veel*! Daar is miljoene en miljoene sterre!

God het al daardie sterre gemaak. Hy het elke een gemaak. Hy het alles wat jy kan sien, gemaak.

Daar is party mense wat *baie* gode aanbid. Hulle dink daar is *een* god wat die sterre gemaak het, en weer 'n *ander* god wat vir die maan sorg. Hulle dink daar is 'n god wat in die berge woon, en daar is 'n ander god wat sorg vir die oseane. Hulle weet nie dat daar net *een* God is wat *alles* gemaak het en vir alles *sorg* nie.

Baie jare gelede was die Israeliete die volk van God. Daar was baie mense op die aarde, maar God het die Israeliete gekies om sy spesiale volk te wees. Hy het deur Moses met hulle gepraat. Hy het vir hulle 'n pragtige land gegee om in te woon en vir hulle gesê dat Hy die *enigste* God is. Daar *is* geen ander gode nie, en hulle moet altyd net vir *Hom* aanbid.

Maar selfs hierdie mense, die mense wat God uitgekies het, en wat geweet het hoe goed en hoe groot God is, het van Hom vergeet. Hulle het *afgode* gemaak, van hout en klip. En hulle het daardie afgode *aanbid*.

Eendag het God vir hulle 'n profeet gestuur. Sy naam was Jeremia. Jeremia het vir hulle gesê dat hulle baie dom is.

Jeremia het vir hulle gesê, " Luister, ek sal vir julle vertel hoe dom julle is. 'n Man gaan met sy byl bos toe. Hy vind 'n boom en kap dit af. Hy kap die boom op in stukke en gebruik party van die stukke om vuur te maak.

As die vuur brand, sê die man, 'Dis darem vir jou 'n lekker warm vuurtjie'.

Dan neem hy 'n ander stuk van dieselfde boom saam huis toe. Hy kap en sny en vorm dit om soos 'n mens te lyk. Dan trek hy dit oor met blink goud, en sê dan 'Daars hy, ek het vir my 'n god gemaak!' Hy *kniel neer* voor die stuk hout en *aanbid* daardie stuk hout, daardie stuk van die boom!

Hoe kan 'n man so dom en dwaas wees! Daardie stuk hout kan nie *hoor* nie. Dit kan nie *sien* nie. Dit kan nie eens *roer of beweeg* nie. Dis 'n afgod. Dit het nie die hemel en die aarde gemaak nie. Dit het nie die sterre gemaak nie. Dit kan nie reën stuur nie."

Jeremia het vir die mense gesê daar is net *een* ware God. Hy het *alle* dinge gemaak. Hy alleen is *Heer* en heers oor alle dinge. Alles *behoort* aan Hom. *Hy* sorg vir alles.

Ons kan Hom nie sien nie, want Hy is *gees*. Maar *Hy* is die God wat ons hoor as ons bid. Hy is *baie* groot.

Gesels hieroor:

1. Hoekom is dit dom en dwaas om afgode te maak?
2. Aan wie behoort die aarde en die hemel?
3. Hoekom behoort alle dinge aan God?
4. Hoekom behoort ons aan God?

Lank gelede het Moses vir die volk van God gesê:

“Daarom moet jy vandag weet dat die HERE God is, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie.”

(Deuteronomium 4:39)

Wat ons kan lees:

Deuteronomium 6:4-7

Wat ons kan sing:

Lofsing die Here, die Ewige, sing tot sy ere!
Lofsing die Koning, die Skepper, die Vader, die Here!
Loof almal saam – groot is sy heilige Naam!
Loof Hom, die Heer van die here!

Gebed:

Vader in die hemel, ons sal U alleen aanbid, omdat U die enigste ware God is. Ons weet U hoor ons as ons bid. Ons weet U het alle dinge in u hand – die kleinste voëltjies en die groot son wat helder skyn, en ook vir ons. Amen.

Marian Schoolland

© 2018

www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*